# KONSTITUSIONELE HOF BESLIS OOR BELASTINGVRYE AANKOPE

**Tshwane, 6 Oktober 2023** - Die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), mnr Edward Kieswetter, het die beslissing deur die Konstitusionele Hof, in die saak tussen Nu Africa Duty Free Shops (Edms.) Bpk. en ander, en die minister van finansies en ander, verwelkom.

Die saak het ontstaan toe die SARS-kommissaris misbruik van die stelsel gerapporteer het, waar bepaalde diplomate belastingvrye tabak en alkohol in Suid-Afrika koop en op die plaaslike mark herverkoop. Sodanige ondersoeke het geraam dat die fiskus nagenoeg R100 miljoen per maand verloor.

Die minister van finansies het daarna 'n hersiening van die hantering van belastingvrye winkels aangekondig, wat 'n hersiening van die artikels ingevolge die Wet op Doeane en Aksyns en die Wet op BTW, wat die belastingvrye kleinhandelaars reguleer, insluit. SARS het toe die belastingvrye winkels genader om hulle bewus te maak van die misbruik van belastingvrye produkte deur persone wat diplomatiese immuniteit en voordele het, en om die voorgestelde instelling van 'n kwotastelsel, wat die verkoop en aankoop van alkoholiese en tabakprodukte deur diplomate reguleer, te kommunikeer.

Om hierdie misbruik aan te spreek, is wysigings tot die artikels van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde en die Wet op Doeane en Aksyns, tussen November en Desember 2020, vir kommentaar gepubliseer.

Die minister het daarna die wysigings tot die artikels van die wette, wat 'n kwotastelsel bekendgestel, goedgekeur, en dit sou op 1 Julie 2021 in werking tree.

'n Maand voor die wysigings in werking sou tree, het die kleinhandelaars 'n aansoek voor die hof gebring. Sodanige aansoek het die grondwetlikheid van die mag wat die minister het[1] om die artikels te wysig om sodanig handeldryf te reguleer, asook die proses wat die minister gevolg het in die wysiging van sodanige artikels, uitgedaag.

Die handelaars het aangevoer dat die proses arbitrêr, irrasioneel en prosesueel onregverdig was.

Die Hooggeregshof het in die guns van die kleinhandelaars, dat die proses onregverdig was en dat die wetgewende bepalings wat aan die minister gegee is, ongrondwetlik is, beslis. Hierdie twee kwessies is deur die Konstitusionele Hof oorweeg, en uitspraak is gelewer.

Die Konstitusionele Hof het met die kommissaris se argument, dat die wetgewing nie ongrondwetlik was nie, omdat die uitvoerende owerheid die behendigheid benodig om spoedig op te tree om misbruik in te kort, en dat parlementêre toesig nie kon uitgesluit word nie, saamgestem. Die Konstitusionele Hof het bevind:

> "Ek stem met die kommissaris saam dat sodanige wysigings tot die artikels nodig is vir egalige fiskale wetskepping en om die uitvoerende raad in staat te stel om spoedig en doeltreffend op te tree om misdryf of misbruik te kortwiek. Parlement se betrokkenheid ingevolge 48(6) van die Wet op Doeane is nodig om die maatreëls langtermyn of permanent te maak. Om op te som, die wetgewende delegasie vir die minister om die artikels te wysig is nie grondwetlik ontoelaatbaar nie. [Para 99]
>
> …
>
> Die uitvoerende raad is in 'n veel beter posisie as die parlement om die alledaagse behoeftes en vereistes, van die administrasie van die aangeleenthede soos bevat in die artikels van die Wet op Doeane en die Wet op BTW, te waardeer. Die parlement se delegering bevorder samewerkende bestuur en versterk eintlik doeltreffende bestuur, wat beide grondwetlike noodsaaklikhede is. Parlement het die doelbewuste keuse gemaak dat die heersende omstandighede vereis dat die wetskeppingswerk, in die vorm van wysiging van artikels, liewer

---

[1] Die kleinhandelaars het 'n bevel probeer bring wat artikel 75(15)(a)(i)(bb) van die Wet op Doeane en Aksyns, 91 van 1964 (Doeanewet) en artikel 74(3)(a) van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW-wet) teenstrydig met die grondwet en ongeldig verklaar. Sodanige artikels bemagtig die minister om die artikels tot die wette te wysig.

> aan die kundigheid en nabyheid van die uitvoerende raad oorgelaat moet wees. In die omstandighede, sien ek niks ongrondwetlik ontoelaatbaar met dit nie. Dit is veral so, aangesien Parlement genoegsame toesig behou. [Para 100]

Die Konstitusionele Hof het ook beslis dat die besluit om 'n kwotastelsel in te stel nie arbitrêr, irrasioneel of prosesueel onregverdig is nie. Die hof het bevind dat, in die gesig van grootskaalse misbruik, dit die uitvoerende raad se plig is om sodanige misbruik te kortwiek en dat die doel van die instelling van 'n kwotastelsel 'n wettige een is.

Rakende die proses wat gevolg is, het die Konstitusionele Hof bevind dat behoorlike kennis aan die industrie gegee is, wat ook geleentheid gegun is om te reageer. Die hof het in die uitspraak verwys na die ondersoek wat deur die kommissaris uitgevoer is, die konsultasies tussen SARS en DIRCO, die publisering van die voorgestelde wysigings en die minister se hersiening van die voorstelle wat ontvang is.

Die Konstitusionele Hof het uiteindelik bevind dat die uitvoerende owerheid die nodige mag moet hê om spoedig en behendig op te tree om misbruik te kortwiek en daarop geregtig is om wysigings aan te bring wat die industrie reguleer deur die wysiging van die artikels tot die Wet op Doeane en Aksyns. Die proses wat deur die uitvoerende raad en SARS gevolg is, voor die bekendstelling van die kwotastelsel, is as 'n regverdige en redelike proses bevind.

Hierdie uitspraak is 'n voorbeeld van SARS se strategiese oogmerk - SARS sal beslissend en spoedig optree om die misbruik en manipulering van die belasting- en doeanestelsel te kortwiek, en daarmee sal SARS binne die grense van die wet, en met uiterse agting van die grondwetlike pligte wat ons vrywillig afdwing, optree.

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.